



UNIVERSITEIT-SELLENBOSCH-UNIVERSITY  
jou kennisvenoot • your knowledge partner

<b>DOKUMENTTITEL:</b>	<b>Universiteit Stellenbosch (US) se prosedure vir die ondersoek van bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde</b>
<b>SOORT DOKUMENT:</b>	<b>Prosedure</b>
<b>GOEDKEURINGSDATUM:</b>	<b>9 Mei 2014</b>
<b>GOEDGEKEUR DEUR:</b>	<b>Senaat-Navorsingsetiekkomitee</b>
<b>AANVANGSDATUM:</b>	<b>9 Mei 2014</b>
<b>HERSIENINGSPERIODE:</b>	<b>Jaarliks</b>
<b>PERSOON VERANTWOORDELIK VIR HERSIENING:</b>	<b>Navorsingsintegriteitsbeampte</b>
<b>VERANTWOORDELIKE KANTOOR:</b>	<b>Afdeling Navorsingsontwikkeling</b>
<b>VERWANTE BELEIDE/PROSEDURES:</b>	<ul style="list-style-type: none"><li>• <b>US-beleid met betrekking tot akademiese integriteit: Die voorkoming en hantering van plagiaat</b></li><li>• <b>Beleid vir verantwoordelike navorsingsgedrag aan die US</b></li><li>• <b>Dissiplinêre kode vir personeel</b></li><li>• <b>Dissiplinêre kode vir studente</b></li></ul>

## Inhoud

<b>VOORREDE</b>	<b>3</b>
<b>DEFINISIES</b>	<b>4</b>
<b>TOEPASSING</b>	<b>7</b>
<b>GRONDBEGINSELS</b>	<b>8</b>
<b>PROSEDURE</b>	<b>10</b>
<b>PERIODES</b>	<b>17</b>
<b>BEWARING VAN VERSLAE</b>	<b>17</b>
<b>APPÈL EN/OF EVALUERING</b>	<b>18</b>
<b>VERWYSINGS EN ERKENNINGS</b>	<b>18</b>
<b>LYS BYLAE</b>	<b>19</b>
<b>BYLAAG A: FORMELE KLAGTE-VORM</b>	<b>20</b>
<b>BYLAAG B: KENNIS VAN ONTVANGS</b>	<b>22</b>
<b>BYLAAG C: KENNISGEWING OM VERGADERING BY TE WOON</b>	<b>24</b>
<b>BYLAAG D: BEKENDMAKING VAN IDENTITEIT-VORM</b>	<b>26</b>
<b>BYLAAG E: KENNISGEWING AAN RESPONDENT</b>	<b>28</b>
<b>BYLAAG F: VLOEIKAART VAN DIE ONDERSOEKPROSEDURE</b>	<b>31</b>
<b>BYLAAG G: VLOEIKAART VAN DIE MAGTE VAN DIE TOEPASLIKE ROLSPELERS EN DELEGERING VAN HIERDIE MAGTE</b>	<b>32</b>

# DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH (US) SE PROSEDURE VIR DIE ONDERSOEK VAN BEWERINGS VAN SKENDING VAN NAVORSINGSNORME EN -STANDAARDE

Die doel van hierdie prosedure is om 'n proses daar te stel waarvolgens bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde, soos deur die US bepaal in die *Beleid vir verantwoordelike navorsingsgedrag aan die Universiteit Stellenbosch*, voldoende en regverdig ondersoek kan word, en om voorsiening te maak vir die beskerming van persone wat 'n beskermde bekendmaking doen ingevolge die Wet op Beskermdes Bekendmakings, No. 26 van 2000, en vir sake wat hiermee verband hou.

## 1. VOORREDE

- 1.1. Die US is verbind tot die toepassing van die waardes van gelykheid, deelname, deursigtigheid, diens, verdraagsaamheid en wedersydse respek, toewyding, vakkundigheid, verantwoordelikheid en akademiese vryheid in al sy aktiwiteite (soos vervat in die US se Institusionele Strategie en Voorneme), wat, uiteraard, enige navorsing insluit wat aan die US gedoen word.
- 1.2. Die US onderskryf die beginsels en verantwoordelikhede vasgelê in die Singapoer-verklaring oor navorsingsintegriteit.<sup>1</sup>
- 1.3. Bewerings oor skending van toepaslike navorsingsnorme en -standaarde is 'n ernstige kwessie, en dus moet die ondersoek daarvan ingevolge die hoogste standaard van integriteit, akkuraatheid en billikheid uitgevoer word.
- 1.4. Die grondbeginsels van navorsingsetiek en wetenskaplike integriteit, wat as die grondslag dien van navorsing wat aan die US uitgevoer word, is saamgestel in die genoemde *Beleid vir verantwoordelike navorsingsgedrag aan die Universiteit Stellenbosch* (hierna "**die Beleid**" genoem).

---

<sup>1</sup> <http://www.singaporestatement.org/>

- 1.5. Die doel van hierdie prosedure is om voorsiening te maak vir die neem van toepaslike maatreëls, soos voorgeskryf deur die US se *Prosedure vir dissiplinêre optrede teen personeel* en die *Dissiplinêre kode vir studente van die Universiteit Stellenbosch*, soos en wanneer nodig.
- 1.6. Hierdie prosedure moet verseker dat alle persone wat betrokke is by die ondersoek van sodanige bewerings te alle tye met die uiterste integriteit en sensitiwiteit optree.

## 2. DEFINISIES

In hierdie Prosedure geld die volgende, tensy die konteks andersins aandui -

- 2.1. **“Aanvaarde prosedures vir verantwoordelike navorsing”** sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie:
  - 2.1.1. die verkryging van skriftelike oorwoë toestemming en/of instemming van alle deelnemers, waar vereis;
  - 2.1.2. die verkryging van formele goedkeuring van toepaslike organisasies, waar vereis;
  - 2.1.3. nakoming van skriftelike voorleggings of protokols vir navorsing, soos beskryf in enige formele goedkeuring wat vir die navorsing gegee is, byvoorbeeld etiekgoedkeuring of goedkeuring deur 'n nagraadse oorsigliggaam;
  - 2.1.4. nakoming van voorleggings of protokols vir navorsing, soos gedefinieer in regskontrakte of ooreenkomste met befondsingsliggame en borge;
  - 2.1.5. nakoming van protokols vir navorsing soos goedgekeur deur die Medisynebeheerraad vir die toetsing van medisinale produkte;
  - 2.1.6. nakoming van beleide vir navorsing uiteengesit in die riglyne van die werkgewende instelling en ander toepaslike vennootorganisasies;
  - 2.1.7. nakoming van beleide vir navorsing uiteengesit in die riglyne van toepaslike erkende professionele, akademiese, wetenskaplike, regerings-, nasionale- en internasionale liggame;
  - 2.1.8. nakoming van enige toepaslike prosedures gemik op vermyding van onbillike risiko vir of benadeling van mense, diere of die omgewing;

- 2.1.9. nakoming van goeiepraktyk-beginsels vir die behoorlike bewaring en bestuur van primêre data, artefakte en materiale;
- 2.1.10. nakoming van bestaande riglyne oor goeie praktyk in navorsing.
- 2.2. **“Klaer”** beteken enige persoon wat bewerings maak en/of bekendmakings doen, met inbegrip van beskermdede bekendmakings, soos uiteengesit in artikel 1 van die Wet op Beskermdede Bekendmakings, No. 26 of 2000 (**“die Wet”**), of skending van navorsingsnorme en -standaarde teenoor 1 (een) of meer Respondente. Die Viserektor (Navorsing en Innovasie) kan as Klaer in sekere omstandighede optree (verwys na 5.2.3 hieroor).
- 2.3. **“Benadeling”** het dieselfde ooreenstemmende betekenis as ‘beroepsbenadeling’ soos uiteengesit in artikel 1 van die Wet, met die nodige veranderinge.
- 2.4. **“Skending van navorsingsnorme en -standaarde”** of **“Skending van aanvaarde prosedures vir verantwoordelike navorsing”** sluit in dade van weglating asook opdraggewing; voorts word die konsep van ‘navorsingswangedrag’ dikwels beperk tot die eerste drie items hieronder geïdentifiseer, naamlik fabrikasie, vervalsing of plagiaat. Aan die US is hierdie prosedure egter gemoeid met enige aktiwiteit wat die Beleid waarna vroeër verwys is of gevestigde en aanvaarde prosedures vir verantwoordelike navorsing, soos beskryf in 2.1 hierbo, skend. Sodanige aktiwiteite kan die volgende insluit, maar is nie daartoe beperk nie:
- 2.4.1. Fabrikasie: die versin van data of resultate en die optekening of verslagdoening daarvan.
- 2.4.2. Vervalsing: die manipulerings van navorsingsmateriale, -toerusting of -prosesse, of die verandering of weglating van data of resultate met die gevolg dat die navorsing nie akkuraat in die navorsingsverslag voorgestel word nie.
- 2.4.3. Plagiaat: die toe-eiening van ’n ander persoon se idees, prosesse, resultate of woorde sonder die outeur se toestemming en sonder om gepaste erkenning aan sodanige outeur te gee; met dien verstande dat enige bewering van plagiaat ingevolge prosedures uiteengesit in die US se *Beleid oor akademiese integriteit: Die voorkoming en hantering van plagiaat* ondersoek moet word, en nie ingevolge hierdie Prosedure nie.

- 2.4.4. Versuim om aanvaarde navorsingsprosedures te volg of die nodige sorgvuldigheid uit te oefen met die uitvoer na navorsing, wat as nalatigheid beskou word.
- 2.4.5. Skending van verantwoordelikhede rakende die vermyding van onbillike risiko vir of benadeling van:
  - 2.4.5.1. mense;
  - 2.4.5.2. diere wat in navorsing en onderrig gebruik word; en
  - 2.4.5.3. die natuurlike en kulturele omgewing.
- 2.4.6. Skending van beginsels rakende die behoorlike hantering van beskermdede of private inligting van individue wat tydens navorsing ingesamel is.
- 2.4.7. Onbehoorlike bestuur van navorsingsfondse en/of ander hulpbronne.
- 2.4.8. Onbehoorlike toewysing van outeurskap of gebrek aan toewysing van verdiende outeurskap.
- 2.4.9. Versuim om aan nasionale statutêre, professionele of regsvereistes te voldoen.

Hierbenewens moet die standarde waarvolgens sodanige bewerings geassesseer word dié wees wat algemeen by hoëronderwysinstellings, asook ander navorsingsinstellings ten tye van die beweerde skending van navorsingsnorme en -standarde, gebruik word. Dit is veral van toepassing op bewerings rakende navorsing wat uitgevoer is voor goedkeuring van die Beleid deur die US. Die bevinding dat 'n individu skuldig is aan die skending van navorsingsnorme en -standarde is gegrond op oordeel dat daar 'n bedoeling was om die wangedrag en/of roekeloosheid en/of nalatigheid te pleeg in die uitvoering van enige aspek van 'n navorsingsprojek. Waar bewerings oor skending van navorsingsnorme en -standarde handel oor 'n doelbewuste en/of roekelose en/of nalatige afwyking van aanvaarde prosedures in die uitvoer van navorsing wat moontlik nie direk onder die bepalings val wat hierbo uiteengesit is nie, moet 'n beslissing deur die NIB gemaak word (sien 5.1) rakende 'n ondersoek van die saak ingevolge hierdie Prosedure.

- 2.5. “**AOK**” beteken die Amptelike Ondersoek Komitee, saamgestel in ooreenstemming met afdeling 5.3 hieronder;
- 2.6. “**hierdie/die Prosedure**” beteken die prosedure wat in hierdie dokument uiteengesit is;

- 2.7. “**beskernde bekendmaking**” beteken ’n bekendmaking wat deur ’n Klaer ingevolge artikel 9 van die Wet gedoen is;
- 2.8. “**Navorsing**” beteken enige stelselmatige ondersoek gemik op die voortbring van nuwe en veralgemeenbare kennis, nuwe betekenis of dieperliggende begrip.
- 2.9. “**Respondent**” verwys na ’n persoon/persone teen wie bewerings of bekendmakings van skending van navorsingsnorme en -standaarde gemaak is, en sluit enige persoon in wat navorsing onder die beskerming van die US doen, ongeag die bron van sy/haar befondsing of die gebied waarop hy/sy sy/haar navorsing uitvoer; wat een van die volgende is:
- 2.9.1. voorgraadse student aan die US;
  - 2.9.2. nagraadse student aan die US;
  - 2.9.3. nadoktorale genoot aan die US;
  - 2.9.4. besoekende student, ongeag sy/haar nasionaliteit;
  - 2.9.5. werknemer van die US, hetsy tydelik of permanent in diens van die US;
  - 2.9.6. ’n persoon voormalig in enige van die kategorieë van 2.9.1 tot 2.9.5 hierbo wie se tesis en/of akademiese artikels en/of ander geskrewe werk (welke dokumente opgestel is terwyl die persoon in die betrokke kategorieë aan die US was en welke dokumente onder die naam van die US gepubliseer is) onder die US se naam gepubliseer bly, hetsy plaaslik of internasionaal.
- 2.10. “**NIB**” beteken ’n Navorsingsintegriteitsbeampte, welke persoon ingevolge afdeling 5.1 hieronder aangestel sal word, en die magte en funksies sal hê soos in die betrokke afdeling uiteengesit.

### 3. TOEPASSING

- 3.1. Hierdie Prosedure is gemik op ondersoek en besluitneming, met ander woorde bepaling of skending van toepaslike navorsingsnorme en -standaarde *prima facie* plaasgevind het.
- 3.2. Die bepaling van die Wet sal *mutatis mutandi* op hierdie Prosedure van toepassing wees en die definisie van “werknemer” soos uiteengesit in artikel 1 van die Wet sal ’n Klaer insluit.

## 4. GRONDBEGINSELS

Die volgende beginsels moet die grondslag vorm van 'n ondersoek na beweerde skending van navorsingsnorme en -standaarde:

### 4.1. Billikheid

- 4.1.1. Die Respondent het die reg om ingelig te word van die bewerings teen hom/haar en word as onskuldig beskou totdat 'n volledige ondersoek ingevolge sowel hierdie Prosedure as die dissiplinêre kodes vir personeel of studente, na gelang van omstandighede, andersins bewys.
- 4.1.2. Die Respondent het die reg om sy/haar saak ingevolge die *audi et alteram partem*-beginsel te stel;
- 4.1.3. Die Respondent het 'n reg op 'n behoorlike en billike proses en moet toegelaat word om vrae te vra, inligting/bewyse ter verdediging voor te lê, advies of ondersteuning van enigeen van sy/haar keuse in te win, en vrae te stel of punte op te werp oor enige inligting wat deur enige getuie gegee is.
- 4.1.4. Die Respondent het, ingevolge artikel 35 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, 'n reg op regsverteenvoording tydens alle fases van die ondersoekproses, wat begin wanneer die Respondent ingelig word van die bewering(s) teen hom/haar.
  - 4.1.4.1. Die Respondent mag 'n regsverteenvoordiger van sy/haar keuse aanstel en opdrag gee om hom/haar tydens die ondersoekproses en vergaderings te verteenwoordig.
  - 4.1.4.2. Die Respondent se regsverteenvoordiger mag by alle vergaderings teenwoordig wees waarvan bywoning deur die Respondent verpligtend is.
  - 4.1.4.3. Die Respondent se regsverteenvoordiger mag namens die Respondent by sodanige vergaderings praat.
  - 4.1.4.4. Die Respondent sal verantwoordelik wees vir betaling van sy/haar eie regskoste.

### 4.2. Vertroulikheid en beskermde bekendmakings

- 4.2.1. Alle fasette van die ondersoek moet vertroulik gehou word.
- 4.2.2. Die Klaer se identiteit mag slegs bekendgemaak word indien hy/sy skriftelik (ingevolge bylaag "A") of mondelings op 'n latere stadium tydens die ondersoekproses daartoe ingestem het.



- 4.2.3. Die Respondent se identiteit mag nie bekendgemaak word voordat formeel bevind is dat hy/sy enige van die US se navorsingsnorme en -standaarde geskend het nie, tensy die Respondent skriftelik daartoe ingestem het, en met dien verstande dat die Respondent se identiteit aan alle toepaslike rolspelers in die ondersoekproses, met inbegrip van die NIB, die AOK, die Viserektor (Navorsing en Innovasie) en die persoon wat formeel deur die Viserektor (Navorsing en Innovasie) afgevaardig is ingevolge paragraaf 5.4.5, bekendgemaak mag word.
- 4.2.4. Indien die handhawing van die volkome vertroulikheid van die Klaer/Respondent se identiteit deur die hele proses nie redelikerwyse moontlik is nie, moet die Klaer skriftelik hiervan in kennis gestel word ingevolge bylaag "D", as en wanneer so 'n fase in die ondersoekproses bereik word.
- 4.2.5. Indien 'n Klaer aan vooroordeel onderwerp word, sal hy/sy dieselfde regsmiddele hê soos in artikel 4 van die Wet uiteengesit.

#### 4.3. **Integriteit**

- 4.3.1. Enigeen wat gevra word om aan hierdie proses deel te neem, moet te alle tye met eerlikheid, onpartydigheid en objektiwiteit optree.
- 4.3.2. Enige belange van enige party wat by hierdie proses betrokke is wat as 'n potensiële botsing van belange of botsing van verbintenis beskou kan word, moet onmiddellik aan die NIB verklaar word.

#### 4.4. **Voorkoming van vooroordeel**

Alle partye wat by die ondersoek betrokke is, moet sorg dra om die volgende te beskerm:

- 4.4.1. Die Respondent(e) teen ligsinnige, kwelsugtige of kwaadwillige bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde;
- 4.4.2. Die reputasie van die Respondent(e), tydens die ondersoekproses en veral as die bewerings nie bevestig word nie;
- 4.4.3. Die posisie en reputasie van Klaers wat bewerings te goeder trou maak, met ander woorde op die grondslag van *prima facie* ondersteunende bewyse dat 'n skending van navorsingsnorme en -standaarde wel plaasgevind het.

## 5. PROSEDURE

### 5.1. Aanstelling en funksie van 'n NIB:

5.1.1. 'n NIB moet deur die Viserektor (Navorsing en Innovasie) vir 'n tweejaar-termyn aangestel word, welke termyn met 2 (twee) maande skriftelike kennisgewing deur die Viserektor (Navorsing en Innovasie) hernubaar is. 'n Bykomende NIB kan deur die Viserektor op 'n ad hoc-grondslag of vir 'n spesifieke termyn aangestel word, soos verlang. Indien die NIB se termyn nie hernu word nie, moet die Viserektor (Navorsing en Innovasie) 'n nuwe NIB vir die volgende 2 (twee) jaar aanstel. Waar van toepassing verwys verwysings na die NIB ook na die bykomende NIB.

5.1.2. 'n Persoon wat verkiesbaar as NIB is, moet:

5.1.2.1. genoegsame kennis en ervaring van navorsing hê;

5.1.2.2. nie 'n dekaan van enige fakulteit van die US wees nie;

5.1.2.3. formeel by die US geaffilieer wees.

5.1.3. Die NIB sal verantwoordelik wees vir:

5.1.3.1. die ontvangs van enige bewerings van skendings van navorsingsnorme en -standaarde by die US;

5.1.3.2. kennisgewing aan die Viserektor (Navorsing en Innovasie) en sy/haar aangewese afgevaardigde rakende enige sodanige bewerings;

5.1.3.3. inwerkingstelling en koördinerings van die prosedure vir ondersoek van enige sodanige bewerings en versekering dat die ondersoek onverwyld uitgevoer word;

5.1.3.4. die aantekening van inligting en saamstel van verslae, wanneer nodig, tydens alle fases van die ondersoekverrigtinge.

5.1.3.5. die neem van besluite in alle sleutelfases in die proses soos ingevolge hierdie dokument vereis.

5.1.4. Onttrekking van NIB:

Die NIB moet hom/-haarself onverwyld onttrek indien daar 'n moontlikheid van 'n werklike of waargenome botsing van belange is en die Viserektor (Navorsing en Innovasie) dienooreenkomstig inlig.

## 5.2. FASE 1: RAPPORTERING VAN BEWEERDE SKENDING VAN NAVORSINGSNORME EN -STANDAARDE

- 5.2.1. 'n Klaer mag persoonlik, skriftelik of telefonies met die NIB skakel om 'n beweerde skending van navorsingsnorme en -standaarde te rapporteer, of om advies van die NIB in te win oor sake wat met navorsingsintegriteit verband hou.
- 5.2.2. Indien die Klaer formele ondersoekprosedures teen die Respondent wil instel, moet sodanige bewerings:
  - 5.2.2.1. skriftelik gemaak word;
  - 5.2.2.2. aan die NIB geadresseer word;
  - 5.2.2.3. al die feite en inligting wat aan die Klaer beskikbaar is, uiteensit;
  - 5.2.2.4. die volle name en kontakbesonderhede van die Respondent verskaf;
  - 5.2.2.5. wesenlik wees ingevolge bylaag "A" hierby.
- 5.2.3. Die Klaer mag versoek dat sy/haar identiteit vertroulik bly. Die NIB moet poog om aan hierdie versoek te voldoen waar en wanneer redelikerwys moontlik (sien bylaag "A").
- 5.2.4. Ná ontvangs van die klagte mag die Viserektor (Navorsing en Innovasie) of sy/haar afgevaardigde as amptelike klaer namens die Klaer optree, sou die Klaer versoek dat sy/haar identiteit beskerm bly, met dien verstande dat die NIB tevrede is dat die klagte grondig en nie vals is nie.
- 5.2.5. Indien omstandighede ontstaan wat van die NIB vereis om die Klaer se identiteit bekend te maak, moet die NIB die Klaer skriftelik binne 'n redelike tyd nadat hy/sy van hierdie omstandighede bewus geword het hiervan in kennis stel, en skriftelike redes daarvoor verskaf. Die kennisgewing moet wesenlik ingevolge bylaag "D" wees.
- 5.2.6. Binne 7 (sewe) dae ná ontvangs van 'n bewering van skending van navorsingsnorme en -standaarde moet die NIB:
  - 5.2.6.1. skriftelik ontvangs daarvan aan die Klaer erken en die onmiddellike ondersoekproses aantoon wat gevolg sal word; welke kennisgewing wesenlik ingevolge bylaag "B" moet wees;
  - 5.2.6.2. die potensiële Respondent in kennis stel dat 'n bewering van skending van navorsingsnorme en -standaarde teen hom/haar gemaak is en dat 'n voorlopige ondersoek deur die NIB uitgevoer sal word, soos voorsien in klousule 5.2.7

hieronder. Die NIB is onder geen verpligting om die Respondent op hierdie stadium van die aard van die klagte of die identiteit van die Klaer in kennis te stel nie.

- 5.2.7. Voordat 'n formele klagte teen die Respondent(e) ingedien word, moet die NIB die bewerings teen die Respondent onafhanklik evalueer deur te verwys na die definisie van 'skending van navorsingsnorme en -standaarde' soos uiteengesit in klousule 2. As die NIB van mening is dat die bewering(s) 'n moontlike geval van skending van die Beleid inhou, moet hy/sy voortgaan met 'n voorlopige ondersoek van die feite en omstandighede rakende die bewering(s), met deeglike oorweging aan die omstandighede van die geval. Hierdie voorlopige ondersoek moet binne 14 (veertien) dae ná ontvangs van 'n bewering van skending van navorsingsnorme en -standaarde deur die Klaer afgehandel word. Die NIB mag die periode vir verdere ondersoek verleng, soos nodig, en moet die Klaer en ander betrokke partye sodanig in kennis stel.
- 5.2.8. Binne 1 (een) maand ná ontvangs van 'n bewering van skending van navorsingsnorme en -standaarde moet die NIB die Respondent skriftelik inlig oor die klagte wat teen hom/haar ingedien is en die Respondent voorsien van:
- 5.2.8.1. 'n afskrif van die skriftelike klagte;
  - 5.2.8.2. 'n afskrif van hierdie Prosedure;
  - 5.2.8.3. 'n uitnodiging na 'n vergadering met die NIB, soos uiteengesit in afdeling 5.2.10 hieronder, met inbegrip van 'n voorgestelde datum en 'n agenda vir die vergadering wat tussen die NIB en die Respondent gehou sal word, met dien verstande dat die Klaer se identiteit nie bekendgemaak word nie, indien so versoek, onderhewig aan klousule 5.2.5 hierbo.
- 5.2.9. Die kennisgewing waarna in 5.2.8 hierbo verwys word, moet wesenlik ingevolge bylaag "C" wees.
- 5.2.10. Die NIB moet te eniger tyd voordat 'n formele ondersoek ingestel word met die Respondent vergader, hetsy persoonlik of, indien dit nie moontlik is nie, deur 'n ander wedersyds aanvaarbare proses (bv. deur 'skype'), ten einde -
- 5.2.10.1. die bewerings teen die Respondent met hom/haar te bespreek;
  - 5.2.10.2. te poog om kwessies uit te klaar of bykomende inligting te bekom;

- 5.2.10.3. die persoon in kennis te stel dat versuim om verduideliking te gee of die prosedure na te kom daartoe sal lei dat die US toepaslike maatreëls neem, wat 'n formele ondersoek kan insluit; en
- 5.2.10.4. die Respondent van sy/haar regte en/of verdedigingsmiddele in te lig.
- 5.2.11. Die vergadering waarna in klousule 5.2.10 hierbo verwys is, moet plaasvind voordat 'n finale besluit geneem word om voort te gaan met die aanstelling van die AOK, tensy buitengewone omstandighede andersins voorskryf. In so 'n geval moet die NIB die onmiddellike aanstelling van die AOK skriftelik regverdig en skriftelike goedkeuring van die Viserektor (Navorsing en Innovasie) of sy/haar aangewese afgevaardigde verkry.
- 5.2.12. Indien 'n bewering 'n tesis behels wat in die openbare domein is (soos op die US se Sun Scholar-databasis), mag die US, na goeddunke, 'n tydelike embargo op die tesis plaas vandat 'n formele ondersoek ingestel is tot welke tyd die ondersoek afgehandel is, ten einde enige skade aan en/of risiko vir die US se reputasie te voorkom. Voor plasing van sodanige embargo op die tesis moet die NIB die Respondent en sy/haar studieleier van hierdie voorneme inlig. In buitengewone omstandighede behou die US die reg voor om vroeër in hierdie proses 'n embargo op 'n tesis te plaas, byvoorbeeld in gevalle waar dit vir óf die US óf ander partye risiko inhou op grond van kwessies verbonde aan privaatheid of intellektuele eiendom. Waar moontlik moet alle betrokke partye so gou as redelikerwys moontlik in kennis gestel word.
- 5.2.13. Nadat die NIB besluit het om die bewerings formeel te ondersoek, of om alternatiewe maatreëls rakende remediërende optrede te neem, na gelang van omstandighede, moet hy/sy die volgende persone skriftelik van sodanige besluit in kennis stel:
- 5.2.13.1. Die Respondent (welke kennisgewing wesenlik ingevolge bylaag "E" moet wees);
- 5.2.13.2. Die voorsitter van die Navorsingsetiekkomitee (NEK), indien van toepassing;
- 5.2.13.3. Die dekaan van die betrokke fakulteit en, waar van toepassing, die dekaan van navorsing; en
- 5.2.13.4. Die lede van die AOK (ná aanstelling).

- 5.2.14. Die NIB mag nie op hierdie stadium van die proses enige vertroulike inligting oor die ondersoek aan die vermelde ontvangers bekendmaak nie.
- 5.2.15. Die NIB moet oorweeg of ander stappe gedoen moet word, hetsy ten tye van of in stede van aanstelling van die AOK, wat die volgende kan insluit, maar nie daartoe beperk is nie: kennisgewing aan die betrokke NEK; rapportering van die insident aan die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD). As die NIB egter besluit dat alternatiewe optrede in plaas van of bykomend tot aanstelling van 'n AOK vereis word, moet sodanige besluit en die regverdiging daarvan skriftelik aan die Viserektor (Navorsing en Innovasie) of die persoon aan wie hy/sy sy/haar gesag gedelegeer het en die Respondent bekendgemaak word.
- 5.2.16. In gevalle waar die US nie die Respondent se primêre werkgewer is nie, moet die NIB moontlik, tesame met die Afdeling Menslike Hulpbronne en die Afdeling Navorsingsontwikkeling, enige kontraktuele of ander verhouding ondersoek wat die Respondent met die instelling en/of werkgewer het. Waar van toepassing moet die Respondent se primêre werkgewer van die bewering van skending van navorsingsnorme en -standaarde teen die Respondent in kennis gestel word. Indien die Respondent selfwerkzaam is, moet die kennisgewing aan sy/haar vennote/mededirekteure en so meer gestuur word, waar van toepassing. Hierdie stap moet slegs gedoen word nadat die voorlopige ondersoek afgehandel is, tensy omstandighede andersins vereis.
- 5.2.17. Die NIB moet poog om hierdie fase van die ondersoek binne 2 (twee) maande ná ontvangs van die klagte af te handel.
- 5.2.18. Moontlike uitkomst van die NIB se ondersoek sluit in dat:
- 5.2.18.1. die bewering ongegrond is en geen optrede vereis nie. 'n Skriftelike verslag moet aan die Viserektor (Navorsing en Innovasie) voorgelê word en nadat sy/haar goedkeuring ontvang is, moet die NIB die Klaer van sy/haar besluit in kennis stel;
  - 5.2.18.2. die bewering blyk grondig te wees en na 'n ad hoc- AOK verwys moet word; of
  - 5.2.18.3. alternatiewe of tweevoudige optrede vereis word (soos beskryf in klousule 5.2.13 en 5.2.16 hierbo).

5.2.19. Die NIB moet die Respondent skriftelik van die uitkoms van die NIB se ondersoek in kennis stel.

### 5.3. **FASE 2: AOK**

- 5.3.1. Die NIB sal aan die AOK 'n ondersoekopdrag gee, waarin die rol en vereistes van die AOK in die konteks van die spesifieke saak uiteengesit word.
- 5.3.2. Die NIB, in oorleg met die Viserektor (Navorsing en Innovasie) of sy/haar afgevaardigde, stel die AOK aan om die bewering verder te ondersoek.
- 5.3.3. Hierdie komitee moet uit ten minste 3 (drie) lede bestaan wat deur die NIB aangestel is. Die NIB mag nie as 'n lid van hierdie komitee dien nie.
- 5.3.4. Ten minste 1 (een) lid van die AOK moet 'n wetenskaplike op dieselfde gebied as die Respondent wees. Hierdie wetenskaplike mag 'n onafhanklike lid wees (wat nie in diens van die US is nie), indien toepaslik, om botsing van belange te vermy. Onderhewig aan beraadslaging met die NIB en finale goedkeuring deur die Viserektor (Navorsing en Innovasie) of sy/haar afgevaardigde, mag die komitee 'n maksimum van 2 (twee) bykomende lede aanstel met gespesialiseerde kundigheid en kennis om die komitee met sy take by te staan.
- 5.3.5. Die AOK moet 'n voorsitter verkies, wat verantwoordelik sal wees vir die koördinering van die ondersoek en 'n skriftelike verslag aan die NIB moet voorlê.
- 5.3.6. Die AOK moet:
  - 5.3.6.1. 'n onderhoud met die Respondent voer;
  - 5.3.6.2. 'n onderhoud met die Klaer voer;
  - 5.3.6.3. ander toepaslike inligting inwin, indien van toepassing.
- 5.3.7. Die AOK moet bepaal of die bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde:
  - 5.3.7.1. ongegrond is;
  - 5.3.7.2. na die toepaslike NEK-voorsitter verwys moet word (die SNEK-voorsitter moet ook van hierdie besluit verwittig word);
  - 5.3.7.3. onmiddellike bykomende of alternatiewe verwysing na 'n eksterne reguleringsliggaam soos die SAPD vereis;

- 5.3.7.4. gronde het, maar weens 'n gebrek aan roekeloosheid of bedoeling om te mislei of weens die relatiewe geringe aard daarvan, deur opvoeding en/of opleiding en/of ander nie-dissiplinêre benadering hanteer moet word; of
- 5.3.7.5. ernstig en wesenlik genoeg is om na die toepaslike beamptes te verwys wat ingevolge die US se dissiplinêre kodes vir personeel en studente aangestel is.
- 5.3.8. Die voorsitter van die AOK moet poog om te verseker dat die AOK sy werk binne 2 (twee) maande afhandel, of sodanige ander periode as wat vooraf met die NIB ooreengekom is.
- 5.3.9. Die voorsitter moet 'n skriftelike verslag aan die NIB voorlê, waarin die AOK se bevindings opgeteken is, en 'n aanbeveling vir optrede maak. Die NIB moet hierdie verslag aan die Viserektor (Navorsing en Innovasie) voorlê en 'n afskrif daarvan aan die Respondent gee. In gevalle waar die AOK verwysing na die toepaslike dissiplinêre prosesse aanbeveel, moet die verslag na die toepaslike beampte gestuur word.

#### 5.4. **Rol van die Viserektor (Navorsing en Innovasie)**

- 5.4.1. Die Viserektor (Navorsing en Innovasie) is verantwoordelik om 'n finale besluit oor die uitkoms van die verslag te maak.
- 5.4.2. Indien dit tot 'n tugverhoor lei, moet die toepaslike beampte 'n verslag aan die Viserektor (Navorsing en Innovasie) voorlê nadat die dissiplinêre proses afgehandel is.
- 5.4.3. Die Viserektor (Navorsing en Innovasie) moet toepaslike maatreëls neem, waar nodig, om die US se belange of reputasie met betrekking tot sy kliënte of diensverskaffers te beskerm, na gelang van omstandighede.
- 5.4.4. Die NIB moet sowel die Klaer as die Respondent binne 7 (sewe) dae nadat die Viserektor (Navorsing en Innovasie) die finale besluit geneem het skriftelik van die finale uitkoms van die ondersoek in kennis stel, met inbegrip van enige aanbevelings vir verdere optrede.
- 5.4.5. Die Viserektor (Navorsing en Innovasie) mag al of enige van sy/haar pligte en verantwoordelikhede aan die Senior Direkteur (Navorsing en Innovasie) delegeer.



## **6. PERIODES**

Die periodes waarna in hierdie Prosedure verwys word, mag deur die Viserektor (Navorsing en Innovasie) of sy/haar aangewese gesag verleng word, indien hy/sy van mening is dat daar geldige redes is vir sodanige verlenging. Indien daar nie aan die periodes voldoen word nie, moet die Viserektor (Navorsing en Innovasie) die verlenging/nienakoming skriftelik aan die Klaer en/of Respondent en/of ander betrokke party regverdig. Die Respondent sal geen aanspraak van enige aard teen die NIB, AOK, die Viserektor (Navorsing en Innovasie) of enige ander rolspeler kan maak indien die periodes wat in hierdie Prosedure uiteengesit word, nie nagevolg word nie.

## **7. BEWARING VAN VERSLAE**

- 7.1. Alle dokumente en digitale opnames verbonde aan 'n ondersoek sal deur 'n benoemde van die Viserektor (Navorsing en Innovasie) bewaar word. Die Respondent mag afskrifte van die dokumente en/of kopieë van die opnames skriftelik en teen sy/haar eie koste versoek.
- 7.2. Hierdie dokumente en/of opnames moet vir 'n tydperk van ten minste 5 (vyf) jaar bewaar word ná die aankondiging van die finale besluit deur die NIB, die AOK, of die toepaslike Tugkomitee, na gelang van omstandighede. Die dokumente is vertroulik en sal nie aan enige partye beskikbaar gestel word tensy 'n skriftelike versoek vir die vrystelling van sodanige dokumente deur die Viserektor (Navorsing en Innovasie) goedgekeur is nie.

## **8. APPÈL EN/OF EVALUERING**

Nadat 'n finale besluit rakende die uitkoms van die ondersoek gemaak is, word die prosedure beëindig. Daar bestaan geen appèl- of evalueringsprosedure by die US teen die finale besluit van die NIB en/of die Viserektor (Navorsing en Innovasie) nie. Die uitkoms van die ondersoek sal deur die Viserektor (Navorsing en Innovasie) na die Kantoor van die Rektor verwys word vir verdere optrede, soos voorgeskryf in die onderskeie dissiplinêre kodes, waar toepaslik. Niks in

hierdie prosedure verhoed egter die verontregte party om 'n hof te nader om die nodige regshulp te verkry en/of die besluit van die NIB en/of die Viserektor (Navorsing en Innovasie) te evalueer nie.

## 9. VERWYSINGS EN ERKENNINGS

- Hierdie Beleid is gedeeltelik aangepas uit die *Prosedure vir die ondersoek van wangedrag in navorsing* van die Navorsingsintegriteitskantoor in die VK, gepubliseer in Augustus 2008.
- Definisies: Definisies van fabrikasie (fabrication), vervalsing (falsification) en plagiaat (plagiarism) kan gevind word by [http://ori.dhhs.gov/misconduct/definition\\_misconduct.shtml](http://ori.dhhs.gov/misconduct/definition_misconduct.shtml) Toegang 12.11.2010.
- Voorbeeld van beleid en prosedures vir reaksie op bewerings van navorsingswangedrag. Kantoor vir Navorsingsintegriteit, Amerikaanse Federale Regering. Beskikbaar by [http://ori.dhhs.gov/policies/ori\\_policies.shtml](http://ori.dhhs.gov/policies/ori_policies.shtml) Toegang 18.01.2011.
- *Beleid vir verantwoordelike navorsingsgedrag aan die Universiteit Stellenbosch*. Beskikbaar by <http://www0.sun.ac.za/research/research-integrity-and-ethics.html> Toegang 30.1.2014.
- *Singapoer-verklaring oor navorsingsintegriteit*. Beskikbaar by <http://singaporestatement.org/> Toegang 18.01.2011.
- *Prosedure vir dissiplinêre optrede teen personeel*. Beskikbaar by <http://www.sun.ac.za/hr/english/policies-and-procedures.php>
- *Die dissiplinêre kode vir studente van die Universiteit Stellenbosch*. Beskikbaar in die Universiteit Stellenbosch Jaarboek, Deel 1.
- *US-beleid met betrekking tot akademiese integriteit: Die voorkoming en hantering van plagiaat*. Beskikbaar in die Universiteit Stellenbosch Jaarboek, Deel 1.
- *Universiteit van Windsor JA vorm 1: Verslag oor akademiese of nie-akademiese wangedrag – vorm vir enige lid van die Universiteitsgemeenskap; Verordening 31: Geregtelike vorms: Studentesake en -integriteit*. Beskikbaar by <http://web4.uwindsor.ca/units/senate/main.nsf/SubCategoryFlyOut/7DCCEC31BB39B32D85257686005F8EE5>. Toegang 13.04/.2014.
- *Artikel 35 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996*.

## **10. LYS BYLAE**

Bylaag A: Formele klagte-vorm – moet deur Klaer voltooi word

Bylaag B: Kennis van ontvangs – moet deur NIB voltooi word

Bylaag C: Kennisgewing aan Respondent en uitnodiging om vergadering by te woon – moet deur NIB voltooi word

Bylaag D: Bekendmaking van identiteit-vorm – moet deur NIB voltooi word

Bylaag E: Kennisgewing aan Respondent van voorneme tot ondersoek – moet deur NIB voltooi word

Bylaag F: Vloeikaart van die ondersoekprosedure

Bylaag G: Vloeikaart van die magte van die toepaslike rolspelers en die delegering van hierdie magte

**Bylaag "A"**

**Die Klaer moet hierdie vorm invul om formeel 'n klagte oor 'n beweerde skending van navorsingsnorme en -standaarde teen 'n Respondent in te dien.**

**Hierdie vorm moet na behore voltooi en per hand aan die NIB besorg word, of per e-pos na [ftheron@sun.ac.za](mailto:ftheron@sun.ac.za) gestuur word.**

---

[US-briefhoof]

Liasseerdatum: .....

Naam van Klaer: .....

Kontakbesonderhede van Klaer:

- Telefoonnommer: .....
- Selfoonnommer: .....
- E-posadres: .....

Beskrywing van beweerde skending van navorsingsnorme en -standaarde [sluit asseblief alle bewyse in]:

.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....

Naam van Respondent: .....

Kontakbesonderhede van Respondent, indien bekend:

- Telefoonnommer: .....
- Selfoonnommer: .....
- E-posadres: .....

Adres van Klaer:

- Woonadres:  
.....  
.....
- Posadres:  
.....  
.....

Stem u in dat u identiteit aan die Respondent bekendgemaak mag word?

Ja / Nee

[Merk asseblief die toepaslike antwoord met 'n **X**]

Op watter datum het u bewus geword van die beweerde skending van navorsingsnorme en -standaarde?

.....

Op watter datum het die beweerde skending van navorsingsnorme en -standaarde plaasgevind?

.....

Ek bevestig dat die inligting vervat in hierdie dokument sowel waar as korrek is, en dat ek persoonlik daarvan kennis dra, tensy die konteks anders aantoon.

Naam en handtekening

\_\_\_\_\_

**KLAER**

\_\_\_\_\_

**DATUM**

## Bylaag "B"

Hierdie vorm moet deur die NIB ingevul word en binne 7 (sewe) dae nadat 'n klagte oor 'n bewering van skending van navorsingsnorme en-standaarde van die Klaer ontvang is per hand/e-pos/geregistreerde pos aan die Klaer gestuur word.

---

[US-briefhoof]

**Mnr/Mev/Me/Dr/Prof .....**

Ek erken ontvangs van u klagte rakende die bewering van skending van navorsingsnorme en -standaarde teen mnr/mev/me/dr/prof ....., ontvang op .....(voeg datum in).

Ek sal u bewerings ondersoek om te bepaal of die beweerde skending inderdaad skending van navorsingsnorme en -standaarde uitmaak, soos gedefinieer in die *Prosedure vir die ondersoek van bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde*. Indien dit die geval is, sal ek voortgaan met 'n voorlopige ondersoek van die feite en omstandighede verbonde aan die bewering.

Ek sal persoonlik met die Respondent vergader om hom/haar formeel van die bewering(s) teen hom/haar in te lig, om enige kwessies uit te klaar of om enige bykomende inligting te bekom, en om hom/haar in te lig dat die US nodige maatreëls sal neem indien hy/sy versuim om sy/haar samewerking te gee of enige kwessies uit te klaar.

Indien 'n formele ondersoek van stapel gestuur word, sal die Amptelike Ondersoekkomitee (AOK) 'n onderhoud op 'n wedersyds aanvaarbare tyd en plek met u voer.

Ek sal u skriftelik in kennis stel van die finale uitkoms van die ondersoek nadat dit afgehandel is.

---

**NAVORSINGSINTEGRITEITSBEAMPTTE  
UNIVERSITEIT Stellenbosch**

## Bylaag "C"

Hierdie vorm moet deur die NIB voltooi word en per hand, e-pos of geregistreerde pos aan die Respondent gestuur word.

[US-briefhoof]

### UITNODIGING OM VERGADERING BY TE WOON<sup>2</sup>

---

Geagte mnr/mev/me/dr/prof .....

**NAAM VAN KLAER:** Viserektor (Navorsing en Innovasie) [of Klaer se naam indien hy/sy ingestem het tot die bekendmaking daarvan].

**NAAM VAN RESPONDENT:** .....

**LET ASSEBLIEF DAAROP** dat ons 'n skriftelike klagte oor 'n beweerde skending van navorsingsnorme en -standaarde op ..... teen u ontvang het.

Die volgende bewering(s) is teen u gemaak:

Bewering 1:

.....

in soverre u:

.....  
.....

---

<sup>2</sup> Dieselfde vorm (met die nodige veranderinge) kan gebruik word om die Respondent in te lig van 'n tugverhoor nadat 'n formele ondersoek gedoen is.

Bewering 2:

.....

in soverre u:

.....  
.....  
.....

**U word hiermee versoek om binne 7 (sewe) dae ná ontvangs van hierdie kennisgewing met die Universiteit Stellenbosch se Navorsingsintegriteitsbeampte, dr Lyn Horn, by 021 808 9184 of [lhorn@sun.ac.za](mailto:lhorn@sun.ac.za) te skakel ten einde 'n geskikte tyd te reël vir 'n voorlopige bespreking van hierdie bewering.**

**U word voorts ingelig dat indien u nie met die US hieroor skakel nie, 'n ondersoek in u afwesigheid voortgesit kan word en dat u in u afwesigheid skuldig bevind kan word aan bogenoemde bewerings.**

**U het die reg om u saak tydens 'n billike en deursigtige proses van ondersoek en besluitneming te stel. U het ook die reg om as onskuldig beskou te word totdat 'n formele ondersoek die teendeel bewys. Ons moedig u dus aan om van hierdie geleentheid gebruik te maak.**

**Uitgereik deur US .....**

**Datum..... Tyd.....**



## Bylaag "D"

Hierdie vorm moet deur die NIB ingevul word in gevalle waar omstandighede hulle voordoen wat dit noodsaak dat die Respondent/Klaer se identiteit bekendgemaak word:

Die voltooide vorm moet na die Respondent/Klaer gestuur word.

---

[US-briefhoof]

**Mnr/Mev/Me/Dr/Prof** .....

**LET ASSEBLIEF DAAROP** dat ons verplig/vereis word om u identiteit en/of die bewerings teen u<sup>3</sup> bekend te maak weens die volgende omstandighede:

.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....

[Voeg toepaslike omstandighede in]

Indien u enige besware hierteen het, moet u ons asseblief binne **15 (vyftien)** dae ná ontvangs van hierdie kennisgewing skriftelik daarvan in kennis stel. Indien u in gebreke bly om ons sodanig in kennis te stel, sal ons voortgaan om u identiteit en/of die bewerings teen u bekend te maak.

GEDATEER TE ..... OP HIERDIE ..... DAG VAN .....  
20.....

---

**NAVORSINGSINTEGRITEITSBEAMPT  
UNIVERSITEIT Stellenbosch**

---

<sup>3</sup> Omkring asseblief die inligting wat u van voorneme is om bekend te maak.

## Bylaag "E"

Hierdie vorm moet deur die NIB voltooi word en per hand, e-pos of geregistreerde pos aan die Respondent gestuur word.

[US-briefhoof]

### KENNISGEWING OM VERGADERING BY TE WOON<sup>4</sup>

---

Geagte mnr/mev/me/dr/prof .....

**NAAM VAN KLAER:** Viserektor (Navorsing en Innovasie) [of Klaer se naam indien hy/sy ingestem het tot die bekendmaking daarvan].

**NAAM VAN RESPONDENT:** .....

**LET ASSEBLIEF DAAROP** dat ons 'n skriftelike klagte oor 'n beweerde skending van navorsingsnorme en -standaarde op ..... teen u ontvang het.

Die volgende bewering(s) is teen u gemaak:

Bewering 1:

.....

in soverre u:

.....

.....

---

<sup>4</sup> Dieselfde vorm (met die nodige veranderinge) kan gebruik word om die Respondent in te lig van 'n tugverhoor nadat 'n formele ondersoek gedoen is.

Bewering 2:

.....

in swerre u:

.....  
.....  
.....

**U word hiermee versoek om binne 7 (sewe) dae ná ontvangs van hierdie kennisgewing met die Universiteit Stellenbosch se Navorsingsintegriteitsbeampte, dr Lyn Horn, by 021 808 9184 of [lhorn@sun.ac.za](mailto:lhorn@sun.ac.za) te skakel ten einde 'n geskikte tyd te reël vir 'n formele onderhoud met die Amptelike Ondersekkomitee (AOK) rakende hierdie bewering.**

**U WORD DAARAAN HERINNER DAT U DIE VOLGENDE REGTE HET:**

- Die reg om deur 'n regsverteenwoordiger tydens enige vergaderings verbonde aan hierdie bewering en die ondersoek daarvan bygestaan of verteenwoordig te word.
- Die reg om u eie getuies by enige vergaderings rakende hierdie bewerings op te roep en die reg om bewyse ter verdediging van u saak voor te lê.
- Die reg om enige getuies wat deur die US by die ondersoek betrek is onder kruisverhoor te neem
- Die reg op 'n billike en deursigtige ondersoekproses en beslissing.
- Die reg om as onskuldig beskou te word totdat 'n ondersoek die teendeel bewys.
- Die reg om bewyse ter versagting voor te lê indien u skuldig bevind word.

**AS U NIE DIE INHOUD VAN DIE BEWERINGS TEEN U OF U REGTE SOOS HIERBO  
GESTIPULEER VERSTAAN NIE, KAN U MET DR LYN HORN BY 021 808 9184 SKAKEL.**


**U WORD VOORTS INGELIG DAT INDIEN U NIE MET DIE US HIEROOR SKAKEL NIE, 'N  
ONDERSOEK IN U AFWESIGHEID VOORTGESIT KAN WORD EN DAT U IN U  
AFWESIGHEID SKULDIG BEVIND KAN WORD AAN BOGENOEMDE BEWERINGS.**

**Uitgereik deur US.....**

**Datum.....**

**Tyd.....**

## Bylaag "F"



## Bylaag "G"

